

12 November

Skrifgedeelte: Deuteronomium 18:9-22

Fokusgedeelte: NGB, Art 29

### Kenmerke van die ware kerk – suiwere Woordverkondiging

Wat dink jy sal die reaksie wees as daar op die TV 'n vervolprogram uitgesaai word oor mense wat hulle kinders as offers verbrand? Elke week maar weer op dieselfde tyd, kompleet met onderhoude en kykweer, gaan verskillende kinders die vuur in. Verseker sal daar groot openbare druk kom om hierdie gruwelike praktyk en die beeldsending daarvan te staak!

Vir die Here is fortuinvertellery, die oproep van geeste en die raadpleeg van dooies vir inligting net so 'n groot gruwel as die verbranding van kinders (vers 10-11). Die Here het 'n AFSKU daarvan! (vers 12). TV-programme soos *Crossing Over* en *Die ander kant*, waar boodskappe van afgestorwenes onder emosiebelaaide omstandighede aan agtergeblewenes oorgedra word, kan dus glad nie deur gelowiges geduld word nie. Die Here verbied dit (vers 14).

Teenoor al hierdie verkeerde pogings om inligting te bekom, staan die Woord van God. Dit is 'n kenmerk van gelowiges wat opreg voor die Here hulle God lewe, dat hulle ag gee op God se Woord, aan wat Hy openbaar (vers 13). Hoe bevoorreg is ons bo Moses en die Israeliete van ons Skrifgedeelte, dat die Profeet waarvan vers 18 getuig, Jesus Christus, reeds gekom het. Hy is God se Woord en praat God se Woord. Daardie Woord het ons as die Bybel.

Alle kennis wat ons nodig het om ons God te kan dien en die saligheid te kan verkry word in die Bybel onfeilbaar duidelik bekend gemaak. Waarom sou ons inligting op ander maniere soek? Die ware kerk, almal wat opreg voor God lewe, sê: "*Sola scriptura!*"

*Dr. WC Vergeer (Potchefstroom-Oos)*